

Embers

deur Sándor Márai

GEORGE LEESKRING

Sándor Márai word deur vele beskou as die beste prosaskrywer in die Hongaarse taal.

Márai is gebore in Kassa in 1900 en sterf in San Diego in 1989. Hy begin as digter en later skryf hy toneelstukke, belles-lettres (letterkundige geskrifte) en memoirs.

As vlugteling in Italië in 1949, sê hy: 'The world has no need for Hungarian literature.' Hy voel dat hy as skrywer met twee soorte literêre selfmoord te kampe het: om te skryf vir 'foreign tastes', of om te skryf vir nie-bestaande Hongaarse lesers in 'n 'deaf nothingness'. Sy lewe versinnebeeld Hongarye se geskiedenis van oorlog, revolusie en vlugtelingenskap. Alhoewel Márai lewenslank a-polities is, weier hy dat sy boeke in Hongarye gepubliseer word solank Sowjet-troepe in sy land is. Dit het die Nazi's en die kommuniste woedend gemaak en het van Márai 'n banneling gemaak.

In 1989 beëindig hy sy lewe, oud, siek, arm en alleen en ook relatief onbekend in sy vaderland. Maar sedert die ontstaan van die nuwe Hongaarse demokrasie – dus sedert 1990 tot vandag toe – word hy beskou as 'n 'gelukbringer vir die Hongare' as gevolg van sy werk, maar ook as gevolg van sy lewe.

Márai sien **Embers** as een van sy mindere werke, geskryf tydens die Tweede Wêreldoorlog, een van sy mees produktiewe periodes, 'when he emigrated into himself, as Hungary was destroyed by the Germans and Soviets'.

Die boek

Die boek is in 1942 geskryf en word beskou as 'a classic of modern European literature'. Die Engelse vertaling is deur Carol Brown Janeway uit Duits gedoen, en nie uit Hongaars nie. Ten spyte hiervan word dit as 'n suksesvolle vertaling beskou, behalwe vir die feit dat Márai se poëtiese gebruik van Hongaars ongelukkig noodwendig verlore gaan.

Letterlik vertaal is die titel 'Candles burn to the end'. Dit handel oor hoe belangrike emosies tot die dood toe voortduur. Die boek speel in 'n vervloë wêreld af en ontgin eensaamheid. Die tema van 'brand tot die einde', of 'tot as' kom weer na vore as die



kerse aan die einde van die lang gesprek tot niet brand, en ook wanneer Krisztina se dagboek wat die antwoord sou kon bevat, ongeopen deur die generaal in die vuur gegooi word.

Die storielyn is baie eenvoudig en byna afgesaag. Dit is dan ook 'n algemene punt van kritiek deur sommige, veral deur dié wat nie die boek klaar gelees het nie. 'If they had, they would see a masterpiece of inverting the expected.'

In 'n neutedop handel die boek oor 'n man wat 'n verhouding het met sy vriend se vrou, maar eintlik gaan die boek oor obsessie, rou en volwasse aanvaarding. Dit gaan ook oor wat mense doen met hulle kort tydjie op aarde. Daar kom nie 'n onverwagse kinkel in die ontknoping nie. Die kinkel sit juis in die feit dat daar nie 'n kinkel is nie. Die boek is nie 'plot'-gedrewe nie. (Amerikaanse lesers mag dit teleurstellend vind.) Dis 'n Europese boek van sy tyd, gekenmerk deur veral karakteruitbeelding en interessante intrige, wat ontplooi deur dit wat NIE gesê word nie.

Die verhaal begin in die veertigs met 'n ryk afgetrede Oostenryks-Hongaarse generaal, Hendrik, in sy mid-sewentigs, wat saam met sy lewenslange huisbediende, Ninnie – in die negentig – in sy kasteel woon. Hulle kry berig dat Konrad, 'n ou vriend uit die generaal se jeug, na 40 jaar oorsee kom kuier.

Konrad kom uit 'n vernederde Poolse aristokratiese agtergrond en het lewenslank geworstel met sy herkoms. Hy is geheimsinnig van aard. Soos Krisztina is Konrad 'anders', in sy wese onherroepelik anders as die generaal.

Hendrik trou later met Krisztina, jare jonger as hy. Vir tien jaar gaan dit goed, totdat Konrad op 'n dag na die trope verdwyn om nooit weer terug te keer nie.

Krisztina kwyn en sterf agt jaar later met die woord 'lafaard' op haar lippe.

Drie en dertig jaar verloop voordat Konrad weer sy verskyning maak. Dit bring ons een derde in die boek in. Die laaste twee derdes is vir 90% 'n eensydige gesprek deur die generaal (Hendrik) met sy gas, 9% is 'n beskrywing van die ou mans se ete en 1% is Konrad se woorde. Die grootste deel van die boek is 'n tweegeveg van woorde en stiltes, beskuldigings en ontwykings. Die meesal eensydige gesprek neem die twee ou mans terug na hul kinder- en jeugvriendskap. Herinnerings aan die generaal se lank reeds oorlede pragtige vrou Krisztina word opgediep, om uiteindelik weer te kom by die dag van die jagtog; die dag waarop geen wild geskiet is nie, maar iets vir altyd gesterf het.

Uit die generaal se relaas blyk dit dat hy geweet het van die verhouding tussen Krisztina en sy vriend Konrad, asook van Konrad se plan om hom te vermoor; die dag voor Konrad se verdwyning. Vir een en veertig jaar wag die generaal vir bevestiging van hierdie twee feite. Dit word die sin en doel van sy bestaan en, met Krisztina dood, is Konrad die enigste persoon wat die vraagstuk kan oplos. Maar die naglange gesprek (hoofsaaklik alleenspraak) tussen die mans bevestig nie die generaal se vermoedens nie. Dit maak ook nie meer saak nie. Die woede is weg: 'Time is a purgatory that has cleansed all fury from my memories.' Die heling van die ouderdom het die generaal verby die obsessie laat vorder tot aanvaarding van die lewe en alles wat die lewe meebring. Uiteindelik ontdek die twee ou mans wat die

sin van albei se lewens was: die passie waarmee hulle 'n ander (dieselfde) persoon liefgehad het.

Embers (aangepas deur Christopher Hampton) is ook in Londen as teaterstuk opgevoer met Jeremy Irons in die rol van die generaal. Dit is ook oor die British Broadcasting Corporation (BBC) as radiodrama opgevoer. In Hongarye is **Embers** verfilm en 4,000 kopieë is gemaak en aan skole in Hongarye versprei. Die beplande verfilming in Engeland het tot dusver nie van die grond afgekom nie.

Ander werke

Casanova in Bolzano

The rebels

Esther's inheritance.

Al drie titels is in Engels vertaal.

Bronne

Tibor Fischer van *The Guardian*

Dan Schneider van *International Writers' Magazine*.

